To be baptized
is to be incorporated
into the dying of Jesus so as to
become a participant in his risen life,
and so to share his ongoing mission to
the world. It is to be baptized into his mission.

~ Leslie Newbigin

mosaiek

die kuns van lewe!

daniellestraat, fairland 2030

posbus 1658, fairland 2030

t: 011 268 4700

f: 011 268 4800

info@mosaiek.com

www.mosaiek.com

kontakpersoon
belinda karstens
belindak@mosaiek.com
011 268 4703



Ons is dus saam met Hom
begrawe deur die doop in
die dood, sodat net soos
Christus uit die dode
opgewek is deur die
heerlikheid van die
Vader, ons ook so
in 'n nuwe lewe
kan wandel.
Romeine 6:4

Doop

Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.
Matteus 28:19

Die Doop ...

Doop is een van die spesiale sakramente wat twee keer per jaar tydens ons Sondag-byeenkomste plaasvind – 'n geleentheid waar ons saam met jou, jou reis met die Here kan gedenk.

Ons glo dat die doop 'n besondere geleentheid kan wees waar jy Jesus se opdrag kan gehoorsaam om jouself te laat doop – en 'n getuienis te wees van jou eie *journey* in jou verhouding met Hom.

Baptism suggests an ending and a new beginning. Immersion especially dramatizes this: a person is buried under the water – signifying the end of his or her old life – and then rises up out of the water – signifying the beginning of his new life as a disciple.
~ Brian McLaren

Wat beteken die doop?

Ons verstaan die doop as 'n uiterlike gebaar van iets wat innerlik met ons gebeur – 'n besondere baken wat 'n besluit bevestig om in 'n verhouding met God te lewe. Hierdie manier van lewe moedig ons aan om in *community* met ander volgers van Jesus om te gaan, op 'n manier wat oorvloei op die wêreld waarin ons onsself bevind, en 'n verskil te maak.

Baptism bears witness to what God has done on our behalf and also signifies our identification with Christ. But that identification cannot be confined to an internalized and individualized commitment. We are baptized not only into the person of Christ but also into his body, constituted as the church here on earth, with all its diversity and imperfections (1 Corinthians 12:13). Baptism is a profoundly corporate act that signifies for all believers their new identity as members of a community of faith.
~ Eddie Gibbs

Hoekom doop?

Ons vier en gedenk die belangrike goed in en om ons lewens: verjaarsdae, herdenkings, begrafnisse ens. Die Doop praat van 'n *commitment* om 'n volger van Jesus te wees, om te getuig van dit wat in ons innerlike geestelike wêreld gebeur. Op 'n manier wat vir ons persoonlik sinvol is, maar wat ook vir daardie mense naby en rondom ons lewens, te vertel van die reis waarop ons onsself bevind.

Die dinge wat sinvol is, is gewigtig. So ook, die doop. Hierdie is 'n belangrike besluit – dit kan baie betekenisvol wees as dit jou uitnooi op 'n reis van selfondersoek, gehoorsaamheid of dalk dieper omgang met die Here en die geloofsgemeenskap waarin jy jouself bevind.

As jy oortuig voel of 'n begeerte voel om jouself te laat doop, sal ons graag van jou wil hoor.

... omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het.
Kolosense 2:12

Ek wil my laat doop

Ons verstaan hoe 'n belangrike en momentele besluit dit is om jouself te laat doop; en ons is bevoorreg om die reis saam met jou vorentoe mee te maak.

Die doopreis by Mosaïek lyk soos volg ...

1. **Algemene Doopgesprek ...**
   Datum: 20 of 27 Februarie 2011
   Tyd: 09:45 of 17:45
   Plek: Genesis: Hoofstuk 3

   Registrasies om gedoop te word moet ongelukkig op 27 Februarie 2011 sluit.

2. **Informele Opvolggesprek ...**
   'n Geleentheid om een-tot-een waar jy meer oor jou *journey* kan vertel, of enige vrae wat jy nog mag hê kan laat beantwoord. Individuele afsprake vind plaas in die twee weke voor 6 Maart (wanneer die doop geleentheid plaasvind).

3. **Doopgeleentheid ...**
   Datum: 6 Maart 2011
   Tyd: 07:45, 09:35 of 18:35

   * Meld aan by doop-toonbank voor Klipkerk
   * Gevolg deur toewydingsgeleentheid in Klipkerk, waar Nagmaal bedien sal word. (Jy is welkom om persone / familie / vriende wat saam met jou die dag meemaak te nooi om die geleentheid saam met jou by te woon.)

   Benodigdhede ...
   * Jy is welkom om in die klere waarin jy gedoop wil word kerk toe te kom. (Donker, nie-deurskynend werk die beste. Rokke is meesal onprakties. 'n Swart hemp met 'n denim is heel toepaslik).
   * Droë stel klere
   * 'n Sakkie vir jou nat klere
   * Ons verskaf handdoeke direk na die doopgeleentheid wat tydens die diens plaasvind.
   * Die doopgeleentheid word beplan vir 'n moment in die middel van diens, wat beteken nadat jy gedoop is, jy weer die diens kan bywoon. Ons verskaf kragpunte vir haardroërs sou jy dit benodig. (Verskaf asb jou eie haardroeër)
   * Sekuriteit word verskaf om na persoonlike items om te sien voor die doopgeleentheid.

4. **Na die Doopgeleentheid ...**
   * Doopsertifikate en ander materiaal sal beskikbaar wees binne 'n paar dae na die doopgeleentheid.
   * Jy is ook welkom om 'n opsionele opvolg-gesprek (een-tot-een) te reël nadat jy gedoop is.

Ons sien uit om die reis saam met jou deel.